

**23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 34**  
**Fokusgedeelte: Psalm 34:21**

**Die Here sorg omvattend vir hulpelose regverdiges**

Die grootheid van God (vs 4) skitter soos 'n diamant teen verskillende hoeke. Die hoek hier is sy omvattende sorg vir regverdiges. Hieroor sing die digter alfabeties: elke vers begin met die volgende letter van die 22 in die Hebreeuse alfabet (lees die OAV).

Eers loof hy die Here vir sy goedheid en regverdigheid. Sy Engel (Hyself!) trek 'n laer rondom dié wat Hom dien en red hulle (vs 1-8). Dan: "Ek wil julle leer hoe om die Here te dien." Hou jou tong in toom en jaag vrede na (vgl. Jak 1:26, 27) (vs 9-15).

En dan die beloning vir só 'n lewenswyse – die Here sorg omvattend vir hulpelose regverdiges: Hy hoor hulle roepstem, is naby die gebrokenes, sorg vir hulle liggaam, straf die goddeloses (vs 16-23).

Skemeraand op Goeie Vrydag het Romeinse soldate die kruiseling op Golgota se bene stukkend geslaan om hulle dood te verseker. Want hulle moes voor Paasfees, Vrydagaand sesuur, van die kruise af wees. Jesus se bene is egter nie gebreek nie, Hy was reeds dood. Dit het gebeur om die Skrif te vervul (*Joh 19:36*).

Dié Skrif is hierdie einste Psalm: "Die Here sorg vir die hele liggaam van die regverdige: geen been word gebreek nie" (vs 21). Dié Regverdige, die Seun van God, sterf heelhuids om sy regverdiges na gees én liggaam te verlos. Is ú een van hulle?  
*Sing: Psalm 34:1, 2 (1936)*

*Ds J Botha (Laeveld)*

